# Afrikaans Huistaal

## Graad 10

## Vraestel 1 (Taal in konteks)

## Junie 2014

## Tyd: 2 uur

## Punte: 70

## Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal | (30 punte) |

2. VOORGESTELDE TYDSINDELING:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | Ongeveer 50 minute |
| AFDELING B: | Ongeveer 25 minute |
| AFDELING C: | Ongeveer 45 minute |

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n volstreep na elke Afdeling.

6. Nommer die antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

# So *SEER* om *TOT SIENS* te sê

1 **Heuwels se Philip praat oor daardie gewraakte Facebook-video en die verwikkelinge wat daartoe gelei het dat hy uit die groep "geskop" is.**

2 Eers het almal gedink dis 'n grap, dalk selfs 'n nuwe veldtog van Die Heuwels Fantasties of die begin van 'n nuwe treffervideo. Want dié manne is mos bekend daarvoor dat hulle die perke toets.

3 Maar gou het dit geblyk iets skort. Eers net grepe en later 'n drie minute lange video van die groep se tromspeler, Philip Erasmus, het die nuus aan die groot klok gehang: Hy is uitgeskop, en hy gaan nie stil-stil verdwyn nie.

4 In kort videogrepe, met sy stem eentonig in 'n dralende monoloog, het hy vertel hoe hy nog altyd net 'n bietjie geld en 'n Audi TT wou gehad het. Hy het bygevoeg hoe hy, 'n Engelse lat, geld kon maak uit Afrikaanse musiek, en hoe hy nou elders 'n inkomste moet gaan soek wat sy kuns sal finansier.

5 Sy plan was berekend. In sy woonstel in Kaapstad het hy op Vrydag 9 Mei Die Heuwels se Facebook-blad gekaap, terdeë bewus dat die ander drie lede van die groep op 'n vlug na Johannesburg is vir 'n optrede. Hy erken ruiterlik hy wou amok maak.

6 Pierre, Hunter en Fred sê hulle is bekommerd oor Philip, en hoop hul maat is okay. "Ons staan by ons vriend, wat deur 'n swaar tyd gaan en vir wie ons omgee," sê Pierre.

7 Philip glo een van die groot probleme is dat hy alleen gestaan het en die verkeerde idees van hom begin kry het. "Hulle het gesê ek is nie nodig nie, dat ek vervang kan word. Niemand het vir my in die bres getree nie. Ek loop die afgelope tyd met ontsteltenis en seer in my rond. Ek probeer alles verwerk. As ek wel iets vir die aanhangers kan sê, is dat ek dit so geniet het om lid van die groep te wees, daarom was dit so moeilik om tot siens te sê."

8 ’n Paar dae daarna was Die Heuwels Fantasties se facebook-blad weer terug na normaal. By navraag sê Pierre en Hunter hulle is bekommerd oor Philip. Hulle wil tot elke prys daar wees vir hom en hom ondersteun in dié moeilike tyd.

9 Ook hulle vertel, soos Philip, ’n verhaal van verbrokkelde verhoudings en kommunikasie wat skipbreuk gelei het. Hunter sê die moeilikheid kom al van Oktober 2013 af aan. Wanneer hulle saam gespeel het, was dit vreemd tussen hulle.

10 Pierre sê Philip het dikwels sy humeur verloor en die afgelope paar maande was saamwerk net nie meer produktief nie. Daar was nie meer ’n goeie basis waarvandaan ons produktief kon wees nie.

11 “Ons dink nie ons het tot nou besef hoe ernstig dit is nie,” sê Hunter. “Miskien is van die redes waarom ons hom gevra het om te gaan, deel van die hele siklus. So iets gebeur nie oornag nie.”

12 Pierre ontken dat hulle hom toegang tot die maatskappy se inligting geweier het. “Ons is almal direkteure van die maatskappy en elke inkomstestroom gaan deur die boeke. Ons het almal toegang tot die bankrekeninge en ons ouditeure.”

13 “Ons doen ’n beroep op mense om hom in vrede te los. Los hom uit en laat toe dat hy homself uitsorteer,” sê Pierre.

***Deur MARELIZE POTGIETER***

[Aangepas uit ***Huisgenoot***, 22 Mei 2014]

1.1 Watter woord in die titel kan met die emosie wat Philip ervaar in verband gebring word? (1)

1.2 Watter woord in paragraaf 1 dui daarop dat die Facebook-video ernstige gevolge gehad het? (1)

1.3 Wat kan daaruit afgelei word dat die woord geskop in paragraaf 1 in aanhalingstekens is? (1)

1.4 Die Heuwels Fantasties is ’n groep wat *die perke toets*. Wat beteken dit? (1)

1.5 Wat was die aanvanklike mening oor die video volgens paragraaf 2? Noem twee. (2)

1.6 Wat beteken dit volgens paragraaf 3 dat die video die nuus *aan die groot klok gehang* het? (1)

1.7 Wat was Philip Erasmus se grootste begeertes volgens paragraaf 4? (2)

1.8 Wat, volgens paragraaf 4, is besonders ten opsigte van Philip se sukses in die musiekbedryf? (2)

1.9 Sê in jou eie woorde wat dit beteken dat Philip volgens paragraaf 5 die facebook-blad *gekaap* het. (2)

1.10 Watter moontlike karaktereienskap van Philip kan uit die laaste sin van paragraaf 5 afgelei word? Jy moet jou eie woorde gebruik. (1)

1.11 Hoe kontrasteer die ingesteldheid van die ander drie lede van die groep volgens paragraaf 6 met dié van Philip? (2)

1.12 Waarom is dit volgens paragraaf 7 vir Philip moeilik om die groep te verlaat? (1)

1.13 Wie is die *hulle* na wie in paragraaf 7 verwys word? (1)

1.14 Dink jy dat die mening van Philip in paragraaf 7 regverdig is teenoor die res van die groep? Motiveer jou mening. (1)

1.15 Voer twee redes uit paragraaf 9 in jou EIE woorde aan wat daartoe gelei het dat dit *vreemd* tussen die groeplede geword het. (2)

1.16 Op grond waarvan het samewerking tussen die groeplede volgens paragraaf 10 onproduktief geword? Gebruik jou EIE woorde. (1)

1.17 Lei volgens paragraaf 11 af hoe die verbrokkeling van die verhouding miskien verhoed kon gewees het. (1)

1.18 Uit hoeveel lede het die oorspronklike Die Heuwels Fantasties volgens die leesstuk bestaan? (1)

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS - PLAKKATE**

**PLAKKAAT A**



**PLAKKAAT B**




**PLAKKAAT C**



1.19 Hoe sluit die plakkate by die inhoud van Teks A aan? (1)

1.20 Indien jy een van die plakkate in jou kamer kon hang, watter een van die drie sou jy kies? Motiveer jou keuse. (1)

1.21 Watter twee van die drie plakkate toon volgens jou mening die grootste ooreenkoms met mekaar? Motiveer jou antwoord. (2)

1.22 Watter emosie weerspieël die gesigsuitdrukking van die knapie in plakkaat 3? (1)

1.23 Hoe kontrasteer die emosie in 1.21 met dié van Philip Erasmus soos dit uit Teks A blyk? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Som die belangrike rol op wat troeteldiere in die lewe van die mens speel.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in SEWE volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

# Diertjie, o my Diertjie

Die mens is sedert die vroegste eeue verknog aan diere – of dit nou hondjies, hasies of katjies is, elke mens soek iets behalwe sy eie spesie om te vertroetel en te versorg.

Diere speel egter ’n baie groter rol in die mens se lewe as net om net vertroetel te word. Daar is geen beter manier om jong kinders verantwoordelikheid te leer as om hulle vir ’n dier te laat sorg nie. Gou besef hulle dat sommige verantwoordelikhede net nie verwaarloos kan word nie.

Nie net in ons huise vervul diere ’n belangrike funksie nie. Dink byvoorbeeld aan honde wat opgelei is om vermiste mense se spore te volg en hulle in vele gevalle te vind – lewend of dood.

Mens en dier staan soms in ’n persoonlike verhouding tot mekaar wat alle verstand te bowe gaan. Nie almal van ons het oë waarmee ons kan sien nie. Die funksie wat gidshonde speel om aan blindes ’n groot mate van onafhanklikheid te gee, is van onskatbare waarde. Die blinde en sy gidshond is onafskeidbaar.

Dit is wetenskaplik bewys dat troeteldiere ’n belangrike rol in die geestelike welstand van die mens speel. Terminaal siek mense of bejaardes vind ontsaglike baat by die omgang met troeteldiere – al herstel hulle nie fisies nie, word hul geestelike gesondheid gestimuleer.

Honde word dikwels op lughawens ingespan om dwelmmiddels uit te ruik en die dwelmhandel so te bekamp, wat weer tot ’n gesonder samelewing en verminderde misdaadsyfers bydra.

Op mediese gebied speel honde ’n toenemend belangrike rol. Honde word reeds opgelei om kankerselle uit te ruk. Dit dra by tot ’n vroeë diagnose en nog ’n lewe kan gered word.

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.




3.1 Skryf die woorde van die outjie wat omgery is in die verlede tyd. (1)

3.2 Wat is die betekenis van die woord *skurk*? (1)

3.3 Watter woord in die strokie is aan Engels ontleen? (1)

3.4 Vervang die woord wat jy as antwoord in 3.3 neergeskryf het met 'n suiwer Afrikaanse woord of uitdrukking. (1)

3.5 *Die pote* is 'n spotnaam vir die (poliesie; polisie; poeliesie; poelisie). Skryf die woord wat korrek gespel is neer. (1)

3.6 Wat word die voorwerpe wat *die pote* op hul "koppe" dra genoem? (1)

3.7 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies: Hy vertel aan almal sy (lewe + verhaal). (1)

3.8 **Die pote sal hom vang**.

Skryf hierdie sin in die lydende vorm. (1)

3.9 Vul 'n gepaste selfstandige naamwoord in: Die seun is die ... van 'n tref-en-trapongeluk. (1)

3.10 Wat word 'n persoon genoem wat 'n ongeluk sien gebeur het? (1)
**[10]**

**EN**

**STROKIESPRENT**

**RAAM 1** **RAAM 2** **RAAM 3**




4.1 Skryf Meester se woorde in raam 1 in die indirekte rede. (2)

4.2 Die woord *verbinding* het ook 'n ander meervoudsvorm as dié in raam 1. Skryf die ander meervoudsvorm neer. (1)

4.3 Skryf die woord tussen hakies in die regte vorm: As die stowwe verkeerd (kombinasie) word, is daar 'n hewige ontploffing. (1)

4.4 *Hewige* is 'n voorbeeld van 'n emotiewe woord. Vervang dit met 'n meer neutrale woord. (1)

4.5 Skryf die stam/basisvorm van *ontploffings* neer. (1)

4.6 Maak 'n kort, verklarende sinnetjie met die homoniem van *kan* in raam 2. (1)

4.7 Noem Neelsie se gunsteling vak in raam 3. (1)

4.8 Wat is die implikasie van Neelsie se woorde in raam 3? (1)

4.9 Skryf die woord *Hierdie* neer en dui aan hoe jy dit willekeurig sal beklemtoon. (1)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# Vrolike Franci!

Die veelsydige aktrise Franci Swanepoel gesels met Christiaan J De Swart oor haar rol in ***Sterlopers***, Die soet van slaap, roem en seëninge.

In Deon Opperman se tipiese reeks ***Sterlopers*** word die alewige smag na roem in 13 weke belig.

“Ek steur my glad nie aan roem of bekendheid nie. Ek doen net my werk. Dit verryk my lewe as ek kan speel en kan skep en as dit iemand aanraak, is dit ’n bonus,” sê Franci , wat ewe tuis op die verhoog, agter ’n mikrofoon en voor én agter die kamera is. Sy is ook ’n gesoute radiospeler en het soggens die boek ***Getuies*** ... die radio voorgelees.

Sy is ’n tevrede vrou, maar sy sê sy is tog spyt dat sy nie jare terug meer geleenthede gehad het om haarself as aktrise te bewys nie. Maar nou het dinge verander. “Soms voel ek wel ek moes meer in my lewe gedoen het, veral vir ander mense.”

[Aangepas uit ***Vrouekeur***, 9 Mei 2014]

5.1 Skryf die meervoudsvorm van die eienaam *Franci* in reël 2 neer. (1)

5.2 Skryf die onderstreepte eienaam in reëls 3 en 4 neer en verbeter die spelfout. (1)

5.3 Skryf ’n woord wat op stereotipering dui uit reëls 6 en 7 neer. (1)

5.4 Skryf die woord tussen hakies in die regte vorm: Franci Swanepoel het tot dusver 'n baie (roem) loopbaan gehad. (1)

5.5 Skryf die woord *mikrofoon* neer en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)

5.6 Vul die ontbrekende voorsetsel in reël 12 in. (1)

5.7 Wat is die betekenis van *gesoute* in reël 12. (1)

5.8 Skryf die onderstreepte sin in reëls 14 en 15 in die direkte rede. (1)

5.9 Skryf die teenoorgestelde geslag van *aktrise* neer. (1)

5.10 Franci Swanepoel het vele talente op die verhoog, agter en voor die kamera en agter die mikrofoon – sy is dus 'n baie ... vrou. Vul 'n gepaste byvoeglike naamwoord in. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**